




**Nasionale Offisieresaamtrek
Die Voortrekkers gaan (alweer)**

GROOT!

9 – 12 Januarie 2020

Inligtingsbrief



Die
Voortrekkers

hou **KOERS!**
voortrekkers.co.za

Voortrekkeroffisiere, vriende en gesinne

Die Voortrekkers droom nie groot nie, ons praat nie groot nie, ons **DOEN GROOT**. Moenie hierdie eerste nasionale offisiersaamtrek misloop nie. Voortrekkeroffisiere gaan saamtrek vir 'n **GROOT** ervaring van lekker kuier, lekker sing en lekker kamp.

WAAR? Die **groot** nasionale saamtrek vind plaas te Udolpho, die FAK-Rivierplaas, naby Parys. Hierdie kamp gaan 'n besondere geleentheid wees met 'n **groot** aantal Voortrekkers wat oor die hele land saamkamp. Die plaas is sentraal geleë teen die Vaalrivier en is maklik bereikbaar vanaf die lughawe.

WANNEER? Registrasie is vanaf 14:00 op Donderdag 9 Januarie 2020. Aandete is om 18:00. Die opening en verwelkoming vind 19:30 plaas en die kursusprogram begin om 20:30. Die amptelike program sluit Sondag met 'n erediens om 9:00 af.

WAT GAAN ONS DOEN? Daar is 'n **groot** verskeidenheid van kursusse en aktiwiteite waaruit jy kan kies. Daar is ook drie nuwe kursusse vir Voortrekkers wat al die meeste kursusse gedoen het.

Kundige sprekers gaan 'n **groot** aantal verrykingsonderwerpe aanbied waaruit jy kan kies en keur.

Ons gaan 'n **groot** markiestent opslaan en saans om 'n **groot** kampvuur kuier.

Hierdie kamp is ook 'n gesinskamp met lekker aktiwiteite vir pa of ma en die kinders wat nie by die kursusgroepe inskakel nie. Daar is 'n **GROOT** swembad en 'n nog **GROTER** rivier waarop jy kan roei.

Daar is 'n teetuin met **groot** stukke koek saam met 'n lekker koppie tee of cappuccino. Daar is selfs 'n pizza-oond waar jy jou **groot pizza** kan bestel.

Die snoepie het 'n **groot** verskeidenheid eet- en drinkgoed.

Twee **GROOT** hoogtepunte van die naweek is die **GROOT** kampvuursaamsing saam met Pieter Smith en Saterdagmiddag die **GROOT LEGENDEKONSERT** met Sonja Herold en Anton Goosen.

Die Voriemôl sal 'n **GROOT** aantal produkte te koop aanbied.

HOE SKRYF EK IN? Inskrywings word elektronies gedoen. Inskrywings open op 2 September 2019. Hier is die skakel om in te skryf <https://inskrwings.voortrekkers.co.za>. Sluitingsdatum vir inskrwings is 18 November 2019.

WAT KOS DIT? Om die kamp vir elke gesin beskikbaar te maak, is daar 'n klein basiese kampkoste met **groot** keuses vir **ontbyt, middagete en aktiwiteite** waaruit jy self kan kies.

Dit is 'n **GROOT** besluit, want elke gesin kies self hulle finale kampkoste. Die bedrag verskuldig word bepaal deur jou keuses van die verblyf, ontbyt- en middagetes en kursus.

Die basiese kampkoste beloop **R150** per persoon. Kinders jonger as 5 jaar betaal nie die R150 kampkoste nie. Die kampkoste sluit die kursusfooi, aandaktiwiteite en drie etes vir Donderdag-, Vrydag- en Saterdagmiddag in. Vir die Stap en Toer-kursus en Noodhulp Vlak 1-kursus is daar addisionele kostes.

Ontbyt en middagete is **nie ingesluit** in die kampkoste nie. Jy kan self kies wat en waar jy wil eet. Jy kan tot op die laaste nippertjie slaap, koffie en beskuit by jou tent geniet of 'n heerlike boereontbyt of 'n **GROOT** pannekoek vir middagete vooraf bespreek. Op die inskrywingsvorm moet jy jou ontbyt- en middagete-keuses vooraf aandui.

VERBLYF: Daar is 'n **GROOT** aantal verblyfopsies vir elke smaak. Daar is 'n beperkte aantal chalets vir gesinne, slaapsale, karavaanstaanplekke teen die Vaalrivier, sentrale tentstaanplekke en 'n boskamp vir boswaentjies.

BAIE BELANGRIK: Die **ETES** moet vir elke individu bespreek word, maar net **EEN PERSOON** moet op die inskrywing aandui vir verblyfopsies soos **huise (chalets)** en **kampeerplekke**. Die persoon wat die bespreking doen, betaal die eenheidsprys vir die verblyfopsie. Verblyf word vir die hele tydperk bespreek. Jy kan dus nie 'n huisie net vir een nag bespreek nie.

Vir verblyf in die slaapsale moet elke individu bespreek. Daar is plek vir 25 persone in elke slaapsaal.

Die beddens in die slaapsale en chalets is opgemaak. Jy het dus nie nodig om **vir hierdie verblyfopsies beddegoed te bring nie**.

Keuses van verblyf en kostes:

CHALETS <i>(Elke chalet het 'n kombuisie)</i>	AANTAL PERSONE	NAWEEK (3 NAGTE)
HOOFTERREIN CHALET (nr. 1 - 8)	6	R1 350.00
WEIVELD CHALET (nr. 1 - 7)	5	R1 350.00
SLAAPSAAL MANS (25 beddens)	1	R90.00
SLAAPSAAL DAMES (25 beddens)	1	R90.00
NALEKOKER (op die oewer van die Vaalrivier)		
STAANPLEK 1 - 10	6	R300.00
OPPI-DRAAI KAMPTERREIN (op die oewer van die Vaalrivier)		
STAANPLEK 1 - 5	6	R300.00
HOOFKAMPTERREIN TENTE (naby al die aktiwiteite met ablusieblokke)		
STAANPLEK 1 - 20	6	R150.00
TENTEDORP (OM SWEMBAD) (naby al die aktiwiteite maar met basiese ablusiegeriewe)		
STAANPLEK 1 - 50	6	R90.00
BOSWAENTJIE KAMPPLEK		
STAANPLEK 1 - 10	6	R150.00

Daar is luukse verblyf beskikbaar op die buurplase en Parys is net 10 minute se ry vir diegene wat 'n gastehuis verkies. Lekkeslaap lys 'n verskeidenheid opsies: <https://www.lekkeslaap.co.za>. Kontak ook Casa Cara Lodge (buurplaas) vir verblyf: 0568171251.

KURSUSSE? Die kursusse duur van Donderdagaand tot Saterdag voor middagete. Daar sal 'n **GROOT** verskeidenheid van kursusaanbieders vir elke kursus wees. Die kursusorganiseerder se e-posadres word gegee.

Kursus	Vir wie?	Inligting
Kulturele Leierskap danielangner@fak.org.za	Oord- en kommandoleiers	Die Kulturele Leierskapskursus het ten doel om Die Voortrekkers as 'n kulturele gemeenskapsorganisasie te verantwoord, die gemeenskap met positiewe waardes te beïnvloed en die hulpbronne in die gemeenskap tot voordeel van Die Voortrekkers te ontsluit.
Kamplieerskonferensie jaco.vn.dr.walt@gmail.com	Kamplieers en kampbesture	Kamplieer en kampbesture word uitgenooi om saam te kom besin oor kampe in Die Voortrekkers.
Praktiese Spanhantering PD nelnet@telkomsa.net	PD-Spanoffisiere	(Twee aparte kursusse vir PD's en Verkenners) Die kursus is ontwikkel om die kursusganger as spanoffisier te bemagtig om sy/haar span dinamies en suksesvol te bedryf deur van praktiese idees gebruik te maak om onderwerpe interessant en kreatief aan te bied.
Praktiese Spanhantering Verkenner marietji@ufs.ac.za jan@ofm.co.za	Verkenner-spanoffisiere of Graad 7-spanoffisiere	'n Verskeidenheid praktiese metodes vir die oordrag van Die Voortrekkers se kernwaardes. Die gebruik van Hoe-Oms en ander kreatiewe idees vir spanaanbiedinge.
Lewenskuns vir tieners carin.coetzer@telkomsa.net	Verkenner-spanoffisiere, Ouers	Hierdie kursus is ontwerp om die kursusganger as volwassene te verryk met praktiese lewensvaardighede waardeur hy/sy hom-/haarself beter leer ken. Die kursus gee ook insig in die leefwêreld van die kind. Dit is ook aangepas om offisiere in die tyd waar ons spanlede dikwels aan trauma en ander probleme onderwerp word, toe te rus om as spanoffisier te weet wat om in 'n situasie te doen en waar om die nodige hulp te kry.
Digitale burgerskap elsaschnetler@afrihost.co.za	Volwassenes	Om die kursusganger toe te rus om jeuglede te begelei om tegnologie verantwoordelik te gebruik. Daar word aandag gegee aan wetsaspekte van digitale media, digitale bemaking, sosiale media, die reg op privaatheid, etiese kwessies, verstaan tegnologie en die gebruik daarvan.

<p>Entrepreneurskap Josuaduplessis@flysaa.com</p>	<p>Volwassenes</p>	<p>Werkloosheid en kwaliteit werksgeleenthede is 'n geweldige probleem, veral in Suid-Afrika waar 'n groot persentasie van ons bevolking in armoede leef. Met hierdie kursus poog ons om vir Voortrekkers deur 'n kombinasie van gevallestudies, wetlike vereistes en suksesverhale toe te rus om hierdie kennis self te gebruik en ook aan die jeug oor te dra.</p>
<p>Stap en Toer jan.semmelink@gmail.com</p>	<p>Volwassenes & Verkenners</p>	<p>Stap & Toer (Voetslaner) is vir dié wat nie in 'n klas wil sit die hele naweek nie! Ons vertrek vroeg Vrydagoggend, ry en stap dan. Ons slaap oor, kuier om 'n kampvuur en stap dan Saterdag voor ons terugkom kamp toe. Die kursus rus leiers toe om self toere aan te bied. Moenie kom stap as jy nie kan nie. Moet ook nie spesiaal oefen nie! Jy moet wel 'n slaapsak, stapstofie en potjie hê en 'n goeie rugsak waarin dit alles pas. Beperk tot 25 stappers. R235 ekstra vir toegang en kos vir twee dae.</p>
<p>Voortrekkers Sing anton@source.co.za</p>	<p>Volwassenes</p>	<p>Hierdie is 'n nuwe kursus in Die Voortrekkers. As jy lus is vir 'n lekker ontspanne kursus, is hierdie die een! Jy sal 'n verskeidenheid Voortrekkerliedjies leer asook hoe om sang in Voortrekkerwerk te gebruik. As jy enige instrument kan speel, bring asb. saam.</p>
<p>Noodhulp Vlak 1 Helene@firstaidleague.co.za</p>	<p>Volwassenes & Verkenners</p>	<p>'n Addisionele R390 indien jy die Noodhulp Vlak 1-kursus wil doen. Na afhandeling van die kursus ontvang die kursusinganger 'n Vlak 1-Noodhulpsertifikaat. Hierdie kursus word aangebied deur die Noodhulpliga. Die Noodhulpliga bied hierdie kursus vir ons Voortrekkers teen die spesiale prys van R390. Hierdie kursus kos gewoonlik meer as R1000 vir privaat instansies.</p>
<p>Bergfiets pietstof@gmail.com</p>	<p>Volwassenes & Verkenners</p>	<p>Kom ry saam Vrydag en Saterdag in die pragtige omgewing van Parys. Op beide dae word ongeveer 30 km per dag gery. Verkenners kan inskryf vir die Bergfietsry-kenteken. Benewens dat hulle elke dag ry, sal daar ook aandag aan die teoretiese aspekte van die kenteken gegee word.</p>

VERRYKINGSESSIE: Saterdagmiddag is daar Verrykingsessies. Daar is drie kort sessies waaruit jy kan kies. Keuses sal op die inskrywing aangedui word.

Tyd		Groep 1	Groep 2	Groep 3
14:00 - 14:45	Sessie 1	Hoe om effektiewe sosiale bemerking te doen? Hoe om seker te maak jou Facebook-blad werk.	Hoe om getraumatiseerde tieners met verliese en probleme te hanteer.	Hoe ontwikkel ek 21ste-eeuse vaardighede? Hoe om kinders voor te berei vir 'n wêreld van werk wat nog nie bestaan nie.
15:00 - 15:45	Sessie 2	Hoe om die verskillende generasies te verstaan.	Hoe hanteer ek moeilike/uitdagende/aandagafleibare kinders?	Hoe om verskillende persoonlikheidstipes te verstaan (Twee sessies)
16:00 - 17:00	Sessie 3	Hoe om lewenslange leer te verstaan. Aanlyn leer – 'n inligtingsessie.	Hoe om verrykende Godsdiensteiwiteite aan te bied.	

WAT GAAN DIE KINDERS EN WEDERHELFTES DOEN?

Kinders vanaf 5 jaar tot Graad 7 kan inskakel by verskillende georganiseerde aktiwiteite op die terrein.

Verkenners kan Vlak 1-Noodhulp of die kentekens Voetslaner of Bergfietsry doen.

Indien 'n Verkenner nie by enige van die drie genoemde kursusse inskakel nie, kan hy/sy uit verskillende aktiwiteite op die terrein kies.

Ander aktiwiteite op die terrein is: Swem, hengel, vlugbal, mini-gholf, fietsry, vlotrit (R25), kajakroei (R25), trekkerry (R10), bou jou eie **groot** pizza (R50).

Die wederhelftes kan óf 'n formele kursus doen, óf by die verrykende kursusprogramme inskakel, langs die swembad lê of kies om Parys te verken. Hier is 'n lys van aktiwiteite.

Doen **self die besprekings** vir enige van die volgende aktiwiteite.

AKTIWITEIT	BESKRYWING	KOSTE	KONTAK-BESONDERHEDE
BUIITE UDOLPHO			
8 km River Raft	+3 ure, 09:00-13:00	R300 p.p.	056 811 4664
Abseiling	13 m	R240 p.p.	056 811 4664
Boogskiet	Binne- en buitemuurs, 1 uur vir groepe	R120 p.p.	056 811 4664
De Dell Cheetah Centre	Die Dell Cheetah Centre bied jou die geleentheid om hul jagluiperds en ander dierspesies te sien en meer te leer oor hierdie ongelooflike spesies. Geen interaksie vind plaas tussen die dier en mens nie.	Pryse op aanvraag	073 148 6245 of 082 691 5537
Bon Af Berry Farm	Terwyl jy bessies pluk, kan jy soveel as moontlik eet. Indien jy bessies wil uitvat, sal dit addisionele kostes wees.	R50 p.p.	056 811 3966
Dog and Fig Brewery	Mikro bierbrouery. Probeer 'n 100 ml monster van 6 van hul biere wat op die perseel gebrou word. Elke proepalet word bedien met 'n bak sout <i>pretzels</i> .	R95 p.p.	076 180 6521
Zipline	Die Dual Zipline strek oor die pragtige heuwels van die koepel met 'n skuif van 600 m aan elke kant, die avontuur wat 'n opwindende 1200 m is. Met 'n kort stap tussen platforms kan jy die natuur ervaar, terwyl jy die geleentheid kry om 'n paar spesies in die omliggende omgewing te sien.	R390 p.p. vir volwassenes. R320 p.p. vir kinders onder 12 jaar.	0794986644

PLEKKE IN PARYS: *Interessante winkels* – Pines, L Designs, Kiki's, Fish2Feet, EnStyle.

Restaurante – Pickled Pig, La Vie en Rose, De Vette Mossel, The ugly duckling, Jimmy Jagers, O's.

VERVOER: Elke persoon is verantwoordelik vir sy/haar eie vervoerkoste.

WAAR IS UDOLPHO?

Vanaf Pta/Jhb: Neem die N1-roete na Bloemfontein. Gaan links af by afrit 498 vir die R59 Parys/Sasolburg-pad. Draai regs oor brug. Ry 15 km. Net na die vliegveld neem die Vaal Eden-grondpad regs. Na 400 m op die grondpad hou links teen palissadeheining vir 2.5 km. Draai links in by Udolpho se ingang reg by die Telkom-toring.

Vanaf Parys: Neem R59 Sasolburg-pad. Ry verby Parys Gholfbaan. Draai links op Vaal Eden-grondpad. Na 400 m op die grondpad hou links teen palissadeheining vir 2.5 km. Draai links in by Udolpho se ingang reg by die Telkom-toring.

'n Hekkode vir toegang sal vooraf gestuur word.

WAT MOET EK SAAMNEEM?

Inpaklys:

- Dit is baie belangrik dat **elkeen 'n kampstoel** bring.
- Gemaklike kampklere en aktiewe drag. Kommando's kan hulle kommandodrag aantrek.
- Bordesakkie met eetgerei (**almal, ook die wat ook in die chalets is**)
- Toiletbenodigdhede en 'n handdoek
- Swemklere en 'n swemhanddoek
- Reënbaadjie
- Flits
- Sonbrandroom en 'n sonhoed
- Insekafweermiddel
- Beddegoed as jy kamp
- Snoepiegeld
- Kursusbenodigdhede sal gekommunikeer word

NAVRAE

Vir enige navrae kontak Sinta Robbertse in die hoofkantoor per e-pos hkvoort@iafrica.com of skakel 012 329 6011.

Groete

Nasionale Komitee: Volwasse sake